# NG Suidkus Jeugbediening
# Belydenisaflegging 2022

'n Hawe van Hulp en Hoop

## Hoekom 'n belydenis van geloof?

Hoekom bely ons ons geloof voor die gemeente? Die wortels van die openbare belydenis van geloof lê in die doop-liturgieë van die vroeë kerk. Met verloop van tyd het die bediening van die doop en die sogenaamde konfirmasie van mekaar geskei geraak en het die konfirmasie tot 'n afsonderlike kerklike handeling ontwikkel. Die openbare belydenis van geloof bied gelowiges die geleentheid om persoonlik voor God en voor die gemeente te bely wat hulle glo. Deur dit te doen antwoord jy op die misterie van God se genade en trou wat spruit uit die genade wat God jou kom aanbied het tydens jou doop.

Hierdie belydenis gaan nie oor jou ouers, vriende of ander mense nie. Dit gaan oor jou verhouding met God. As jy nie op hierdie stadium van jou lewe kan bely dat jy 'n verhouding met God het en Hom vertrou vir jou lewe nie, dan moet jy nie hierdie belydenis aflê nie. Dan beteken dit niks en word dit net 'n leë ritueel.

By belydenis-aflegging antwoord jy op die beloftes wat God aan jou gemaak het toe jy as kind gedoop is. Jy bely dat jy GLO (aanvaar) dat God jou uit GENADE (sonder verdienste) verlos het van jou sondes. Jy verklaar dat JESUS jou verlosser is en dat jy jouself nie kan red nie. Daarmee saam bely jy dat Jesus jou Here is en dat jy bewus is dat Hy hier deel van jou lewe is!

Met jou belydenis aflegging word jy amptelik 'n lidmaat van die NG Kerk. Die belydenis is juis *voor* die gemeente omdat jy by jou belydenis aflegging sê dat jy kies om deel te wees van hierdie gemeente. Dit beteken dat jou belydenisaflegging nie jou kategese afsluit en dat jy nou vry van die kerk is nie, dit beteken juis dat jy jouself daaraan verbind om by die kerk betrokke te bly en met jou unieke gawes te dien (nie noodwendig net in Suidkus gemeente nie, die pad wat die Here met ons elkeen stap lei ons soms na ander gemeentes as waarin ons belydenis afgelê het).

## Hoe werk die proses?

In 2020 het ons besluit om die belydenis reis 'n twee jaar reis te maak, omdat 'n jaar eenvoudig nie genoeg geleentheid gee om al die vrae wat julle het te beantwoord nie.

**Jy kan op enige stadium in hierdie reis belydenis aflê, of jy Gr 10, 11 of Matriek is (of selfs ouer). Wat wel belangrik is, is dat jy jouself verbind om die twee jaar reis te voltooi. Jou belydenisaflegging is 'n verbintenis om aan te hou groei in jou geloof en daarom kan jy belydenis aflê selfs al het jy nog nie die hele reis voltooi nie.**

## Belangrike inligting

**Datum van Belydenisaflegging: 23 Oktober 2022 tydens Oggenddiens**

Voor die belydenisaflegging gaan elkeen 'n 30min gesprek met Ds. Marius hê. **Maak asb. vroegtydig 'n afspraak by. Sonder hierdie gesprek kan jy nie belydenis aflê nie.** Voor hierdie gesprek moet ons die volgende hê:

- Jou volle naam en van saam met jou noemnaam
- Doop besonderhede (waar jy gedoop is en jou doopseel indien die kerkkantoor dit nie het nie)

- Indien jy **nie gedoop is nie** gaan daar ‘n gespreksgeleentheid wees waar ons oor die doop gaan gesels wat jy moet bywoon. Jy gaan saam met die belydenis van geloof geleentheid ook gedoop word.
- ’n **Brief** van nie langer as ’n bladsy wat kortliks verduidelik hoekom jy belydenis van geloof wil aflê, asook jou persoonlike getuienis oor jou pad saam met God en God se pad saam met jou.

## Na die onderhoud

Na die onderhoud moet jy asseblief ’n resente foto van jouself en ’n baba foto (of ’n foto rondom jou doop as jy as kind gedoop is) stuur na **marius@ngsuidkus.co.za** (nie later nie as die Donderdag voor jou Belydenisgeleentheid). Merk hierdie foto’s ook met: ***jou naam-baba*** en ***jou naam-huidig***. Jy moet die **stuurformulier** wat jy tydens jou onderhoud ontvang vir jou ouers / voogde gee of vir die persoon wat jou daarmee tydens die diens gaan seën en uitstuur. Die ouer(s) / voog kan ook sy of haar eie formulier vir jou skryf wat net so lank is soos die formulier wat jy by jou odnerhoud ontvang het. Maar stuur dit asseblief ook eers aan **marius@ngsuidkus.co.za** dat ek net kan kennis neem daarvan voordat ons dit in die erediens gebruik.

## Wat gaan jy bely?

- Glo julle dat die leer soos in die Ou en Nuwe Testament en in die belydenisskrifte van ons kerk vervat is en in die gemeente hier geleer word, die ware en volkome leer van die verlossing is?
- Beloof jy om as lidmaat van die gemeente van Christus deur sy genade in die belydenis van dié leer tot die einde van jou lewe te volhard, en alle leringe wat daarvan afwyk, te verwerp?
- Bely jy dat die Here Jesus Christus jou persoonlike Verlosser is en dat jy Hom liefhet?
- Beloof jy om Hom te dien, sy Naam getrou te bely voor die mense en om aktief aan die werksaamhede van die kerk deel te neem?
- Aanvaar jy dat jou medegelowiges die verantwoordelikheid het om jou te help om op die regte pad te bly?

Kan jy saamstem met alles wat hierbo staan? Indien nie, moet jy jou vrae vroegtydig vra!

## Persoonlike belydenis

Onthou dat hierdie nie die einde van jou kategese is nie. Met jou belydenis beloof jy om lewenslank te groei in jou verhouding met die Here. Ons bid die Here se seën vir julle elkeen, en onthou dat julle baie spesiaal is vir God en ook vir ons! Jy is altyd welkom om my te skakel as jy nog enige vra het.

"Leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld" - Matteus 28:20

Groete in Christus,

Suidkus NG GEMEENTE
...'n hawe van hulp en hoop
Marius Schoombie
083 635 1523
marius@ngsuidkus.co.za

Ds Marius Schoombie